SAKE 24 (Rapport)
Sunday, 14 March 2010, p. 15

Kristalbol wys nóg Imperial/MiX-tipes op horison

Stil-stil.

'n Aankondiging Donderdag dat die vervoerkonglomeraat Imperial 'n belang van 25,4% in die voertuig-opspoorspesialis MiX Telematics gekoop het, het my onkant betrap.

Ek was omgekrap dat die beurs-nuusdiens, ***Sens***, se verklaring min feite bevat het. Nêrens is die koste van die strategiese verkryging verklaar nie.

Die gemiddelde prys wat Imperial betaal het, sal beleggers wel 'n aanduiding gee van die potensiaal wat bestaan in dié kleinkapitalisasie-onderneming wat dikwels oor die hoof gesien word.

Ek was nog meer verward nadat ek met Imperial se uitvoerende hoof, mnr. Hubert Brody, gepraat het. Hy wou nie die koste van die belegging verklap nie en het net gesê besonderhede sal in Imperial se jaarverslag verskyn. Imperial se jaareinde is in Junie en dit beteken dit gaan te lank duur om vir dié belangrike inligting te wag.

Nadat ek die verhandeling in MiX-aandele vir die afgelope vier maande nagegaan het, was ek verstom dat enige markwaarnemer wat sy sout werd is, nie kon sien 'n transaksie is moontlik by MiX op pad nie.

Ek raam dat Imperial tussen 102c en 115c per aandeel vir sy belang in MiX betaal het. Kom ons neem 'n gemiddelde en maak die aanname dat Imperial gemiddeld 108c per aandeel betaal het. Dit beteken Imperial het tussen R175 miljoen en R180 miljoen vir sy strategiese belang in MiX betaal.

Dis 'n taamlike groot transaksie, selfs volgens Imperial se standaarde, en dis dus nie verbasend nie dat MiX se aandeelprys ná die aankondiging met 8% tot 121c opgeskiet het. Dalk was dit 'n goeie ding dat ek nie die uitskietings in verkope by MiX in onlangse maande raakgesien het nie. Ek moet erken ek sou waarskynlik die verkeerde afleiding gemaak het.

Ek sou geraai het dat Tracker, weer in die Remgro-stal, dalk 'n vryer is, omdat Remgro 'n groot aandeelhouer in Kagiso Trust Investments is, wat weer 'n strategiese aandeelhouer van MiX is.

Remgro hou immers daarvan om sy beleggings lyf te gee.

Die les is dat beleggers in klein maatskappye deeglik aandag moet skenk aan daaglikse volumes.

Daar is heelwat maatskappye soos MiX wat uitstekende – en maklike – teikens vir groot jagters is. Hierdie aandele is taamlik maklik om raak te sien: hul flou aandeelpryse is in stryd met sterk bedryfskontantvloei, robuuste balansstate, gesonde jaarlikse inkomste en goeie bestuur.

Die afwesigheid van 'n beherende aandeelhouer (onthou, MiX is 'n paar jaar gelede uit Control Instruments ontknoop) help ook. Hou dus daardie daaglikse verhandelingsyfers dop.

Die Imperial/Mix-transaksie gaan nie die laaste van sy aard wees wat ons vanjaar in die mark sal sien nie.